

# SOJABOONOPBRENGS is die sleutel tot volgende seisoen se kultivarkeuse

Die 2014 - 2015 somerseisoen was vir die meeste boere baie moeilik. Klimaatstoestande het gewissel van koue, met koel dae en koeler nagte kort ná die begin van die vroeë seisoenaanplantings, gevolg deur intense hittegolwe en dan weer gevolg deur baie koel nagte vir vier tot vyf dae.

Reënval was in sommige gebiede baie wisselvallig en het ook gewissel van wolkbreuke tot tydperke van geen reën, saam met die hittegolwe. Ander gebiede het bo normale reën gehad en boere kan baie goeie opbrengs verwag indien goeie reëns in Maart 2015 val, wat die sojabone in staat sal stel om die potensiaal te bereik wat vroeër in die seisoen vasgestel is. Dit sal van kritieke belang wees om die finale opbrengs van elke kultivar wat jy geplant het te meet, sodat die geskiktheid van daardie kultivar vir toekomstige aanplantings geëvalueer kan word.

## Groeiseisoen klasse

Sojaboonkultivars, sowel as ander gewasse, word geselekteer, behalwe vir ander agronomiese eienskappe, vir die lengte van die groeiseisoen. Indien jy kyk na 'n lys van agronomiese eienskappe vir sojaboonkultivars van verskeie saadtelers en verskaffers, kyk na die seisoengradering. Sojaboonkultivars word geklassifiseer in 12 groeiklasse van groeiklas 00, wat vroeg ryp word, tot groeiklas 9, wat laat volwasse word. Kultivars 5 - 6 is gewoonlik die beste geskik vir algemene produksie in Suid-Afrika. Groepe 4 tot 7 kan goed doen waar die hitte-eenhede voldoende is vir vroeë en/of laat aanplantings.

Ander belangrike faktore sal die gemiddelde aantal dae tot blom wees, wat kan wissel van 50 dae vir kultivars met 'n groeiseisoen gradering van 4,4, tot 62 dae vir 'n seisoengradering van 6,0 en die gemiddelde aantal dae tot volwassenheid wat wissel van 124 dae tot 138 dae vir hierdie klasse.

## Hitte eenhede en die effek van die seisoen se klimaatstoestande op die gewas

Gedurende 'n minder veranderlike of "normale" seisoen, groei sojabone in 'n kumulatiewe stap-vir-stap wyse, wat beïnvloed word deur die omgewing of heersende, lugtemperatuur wat gedurende die dag en in die nag ervaar word. Tensy stres deur droë toestande ervaar word, word die ontwikkelingstempo vanaf ontkieming en opkoms tot volwassenheid dus beïnvloed deur die daaglikse lugtemperatuur wat bydra tot 'n kumulatiewe wyse regdeur die groeiseisoen. Sekere kritiese groeistadiums sal dus slegs plaasvind indien die plant die optimum hitte-eenhede ontvang.

*"Dit sal van kritieke belang wees om die finale opbrengs van elke kultivar wat jy geplant het te meet, sodat die geskiktheid van daardie kultivar vir toekomstige aanplantings geëvalueer kan word.*

Hitte-eenhede vir sojabone word gedefinieer as die aantal temperatuur grade bo 'n basis temperatuur van 10 grade Celsius wat deur die plant ervaar word oor 'n tydperk van 24 uur en staan bekend as die groei graad dae of eenhede (GDD of GDU's). GD's word elke dag bereken, omdat die maksimum temperatuur plus die minimum temperatuur

wat ervaar word, gedeel word deur twee om die gemiddelde te gee, of gemiddelde temperatuur minus die basis temperatuur van 10 grade Celsius. Dit word aanvaar dat plante geen groei toon onder die 10 graad basis temperatuur nie. Die GD's word opgehoop en by elke dag se bydrae gevoeg word soos die seisoen vorder.

> “ *Baie boere wat sojabone vir die eerste keer aanplant, gee nie genoeg aandag aan die koop van die regte kultivars vir die hitte-eenhede wat in hul produksie-areas ervaar word nie.*

Byvoorbeeld, 'n dag met 'n maksimum van 23°C en 'n minimum van 12°C, gedeel deur 2, min die basis van 10°C, sal 7,5 GDD bydra.

Die groei van "bepaalde tipe" kultivars vir hierdie seisoen aangeplant in die Oos-Vrystaat, wat gewoonlik blom op 62 dae na plant, is aansienlik vertraag weens die droë tydperke waar plante groei teruggehou het, of minimale groei getoon het tydens die koue periodes en slegs geblom het op 95 tot 100 dae.

## Kultivars wat geselekteer is en toestande wat op jou plaas ervaar word

Baie boere wat sojabone vir die eerste keer aanplant, gee nie genoeg aandag aan die koop van die regte kultivars vir die hitte-eenhede wat in hul produksie-areas ervaar word nie. Sommige boere spring rond om laat te plant of kultivars te herplant wat te laat vir Desember aanplanting was.

In die sentrale produksieareas is die plant van selfs medium groei kultivars na 15 November 'n hoë risiko strategie, omdat die beplande opbrengs waarskynlik nie verwesenlik sal word nie.



***Sojabone aangeplant in November in die Oos-Vrystaat. Let op die uitstekende onkruidbeheer met die gewas in volle blom gedurende laat Februarie.***



***Smal rye sojabone wat na tef geplant is en baie droë toestande beleef het. Sojabone is 'n bepaalde kultivar tipe wat kort is, maar met goeie kleur en in volle blom.***

## Gevolgtrekking

Vergelyk die kultivars wat geplant is met die saadmaatskappy se produksie parameter riglyne vir blom en volwassenheiddatums en jou werklike plantdatums en die mylpale wat by jou sojabone bereik is. Meting van die finale opbrengste gerealiseer sal jou in staat stel om 'n wyser en korrekte keuse te maak om die regte kultivars te koop vir volgende seisoen se aanplantings.

*Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.*